Afrikaans

# Story Power

## 'n Gids om kinders tuis te help lees en skryf




GIDS 3

# Welkom!

Die skool is nie die enigste plek waar onderrig en leer plaasvind nie! Wat gesinne tuis doen, is dikwels die eerste en belangrikste geletterdheidslesse wat kinders leer.

Wanneer jy glo dat jou kinders suksesvolle lesers en skrywers sal word, en jy sê dit vir hulle, sal hulle voel dat hierdie doel binne hul bereik is. En, wanneer jy tyd maak om vir hulle stories te vertel en te lees, en om saam met hulle te skryf, ervaar hulle die maniere waarop geletterdheid bevredigend en nuttig kan wees.

Wil jy weet hoe om jou kinders met lees en skryf te help? Dan is hierdie Story Power-gids vir jou! Hier sal jy voorstelle vind oor hoe om boeke en stories met jou kinders te deel, en hoe om hulle aan te moedig om te skryf. Jy sal ook inligting vind oor hoe om jou eie leesklub by die huis te begin!




Geniet jou kinders se geletterdheidsreis saam met hulle!

*Die Nal'ibali-span*

**NS:** Hierdie gids is in elf Suid-Afrikaanse tale beskikbaar. Kyk uit vir ander gidse in die Story Power-reeks! Gaan na **www.nalibali.org** om hulle te vind.

## Wat's binne

Maak geletterdheid deel van jou huis .... 3
Deel boeke en stories .............................. 4
Kry jou kinders aan die skryf ................... 6
Bestuur 'n leesklub .................................. 7





Vir meer inligting oor die hergebruik en/of verspreiding van hierdie materiaal, kontak Nal'ibali:
The Nal'ibali Trust
Suite 17–201, Gebou 17
Waverley-besigheidspark, Wyecroft-weg
Mowbray, 7700
Tel: (021) 448 6000
E-pos: info@nalibali.org

Konseptualisering en projekbestuur: Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA)
Vertaling: Anita van Zyl
Redigering en proeflees: Ilse von Zeuner
Nal'ibali-karakterillustrasies: Rico
Ontwerp: Magenta Media
Geset deur: Baseline Publishing Services



# Maak geletterdheid deel van jou huis



As jy gereeld saam met jou kinders by die huis lees en skryf, leer jy hulle dat lees en skryf belangrik, nuttig en genotvol is. Dit maak dit vir hulle makliker om geletterd te raak.

Almal by die huis het 'n rol om te speel om jong kinders te help om te leer lees en skryf. Hier volg 'n paar idees om geletterdheid 'n genotvolle deel van die alledaagse gesinslewe te maak.

- **Skep 'n storie-roetine.** Sit elke dag tyd opsy om stories te lees en/of te vertel. Baie kinders geniet dit om voor slaaptyd na stories te luister, maar sommige kinders mag dit makliker vind om op ander tye van die dag te konsentreer. Kies 'n tyd van die dag wat die beste vir almal van julle werk.
- **Vertel stories.** Vertel vir jou kinders stories, sing liedjies en sê gedigte op wat jy ken. Dit stimuleer hul verbeelding en ontwikkel hul taal. Luister ook na hulle stories, en onthou om jou waardering te toon.



- **Deel boeke.** Spandeer slegs 15 minute per dag om vir jou kinders storieboeke hardop te lees. Maak dit 'n ontspanne en genotvolle tyd. Wanneer jou kinders besef dat boeke vol stories is, en dus vol betowerende plesier, sal hulle probeer om self te lees. Goeie lesers by die skool is dikwels dié wat tuis saam met familie en vriende lees.
- **Wees 'n rolmodel.** Kinders leer meer deur ons dop te hou as wat hulle leer wanneer ons vir hulle sê wat om te doen! Laat jou kinders sien dat jy vir genot lees en ook om inligting te vind, soos wanneer jy boeke, resepte, skoolnotas, tydskrifte en koerante lees. Maak seker hulle sien ook dat jy skryf in jou daaglikse lewe gebruik, byvoorbeeld, wanneer jy 'n inkopielys maak, 'n boodskap per e-pos stuur of 'n afspraak in jou dagboek aanteken. Wanneer ons kinders ons gereeld sien lees en skryf, besef hulle dit is nuttig en kragtig, en begin hulle om dit ook deel van hul eie lewens te maak.
- **Gebruik jou huistaal.** Eerste stories behoort in jou kinders se huistaal te wees. Kinders behoort in hul huistaal te lees en te skryf voordat hulle leer om dit in ander tale te doen. 'n Sterk grondslag in hul huistaal is die sleutel tot suksesvolle leer – wat lees en skryf insluit – want om goed te leer, moet hulle goed verstaan.



# Deel boeke en stories



Wanneer jy boeke en stories met jou kinders deel, help dit om 'n sterk en liefdevolle band tussen julle te bou. Terselfdertyd ontwikkel dit ook die geletterdheidsvaardighede wat so belangrik is vir hul sukses op skool en ook later in die lewe.

## Lees vir jou kinders

Lees help om jou kinders se oë, harte en denke oop te maak vir ander mense en ander situasies. En wanneer hulle die stories geniet wat jy met hulle deel, sal hulle waarskynlik regdeur hul lewens wil aanhou lees vir genot.

Hier volg tien wenke oor lees saam met jou kinders, ongeag hoe oud hulle is.

1. Nooi jou kinders – maar moet hulle nie dwing nie – om elke dag minstens 15 minute saam met jou te lees.

2. Vind 'n stil en gemaklike plek om te lees. Beddens en rusbanke is lekker plekke om binnenshuis te lees. Skakel die radio, TV en rekenaar af.

3. Vra jou kinders om 'n boek te kies wat julle saam kan lees. Dit wys dat jy omgee wat hulle dink, en hulle sal meer geneig wees om deel te neem as dit 'n boek is wat hulle self gekies het!

4. Begin deur tyd te maak om na die boek se omslag te kyk en daaroor te gesels. Moenie vergeet om die storie se titel en die name van die skrywer en die illustreerder te lees nie.




5. Sit naby mekaar en moedig jou kinders aan om self die boek vas te hou, of jou te help om dit vas te hou. Jonger kinders geniet dit om die bladsye om te blaai. Nooi ouer lesers om die woorde van een van die karakters, of 'n paragraaf of twee van die storie te lees.

6. Probeer verskillende dinge om die storie lewendig te maak! Gebruik verskillende stemme vir verskillende karakters. Lees sag in rustige dele van 'n storie. Lees vinnig as 'n karakter haastig is, of gejaag word. Lees met 'n diep, bulderende stem vir harde geluide in die storie.

7. Help jou kinders om hulle voorspellingsvaardighede te ontwikkel deur op verskillende plekke in die storie te vra: "Wat dink julle gaan volgende gebeur?"


8. Gesels saam oor die storie. Moedig jou kinders aan om te sê wat hulle dink oor die manier waarop die karakters in die storie optree en die keuses wat hulle maak.

9. As die boek illustrasies bevat, kyk saam daarna. Lewer kommentaar oor die dinge waaroor jy nuuskierig is, of wat jy raaksien en van hou. Moedig jou kinders aan om dieselfde te doen.

10. Maar, bo alles, geniet dit bloot om verskillende boeke te deel. Ontspan, en doen wat dit ook al verg om hierdie tye vir almal genotvol te maak.

# Ander storie-idees

Hier volg nog 'n paar idees oor hoe om stories by die huis te gebruik.



### Maak storietye spesiaal

Skep storietye wat die hele gesin saam kan geniet. Hou byvoorbeeld "storie-aandetes"! Laat 'n lid van die gesin een keer per week tydens aandete 'n storie vertel. Dit kan 'n storie wees wat hulle gelees of gehoor het, of 'n nuwe storie wat hulle opgemaak het. Julle kan ook saam 'n storie skep deur een lid van die gesin te kry om die begin van 'n storie te vertel, en dan al die ander gesinslede te kry om iets by te voeg totdat die storie klaar is.

### Vra vrae

Verdiep jou kinders se begrip van die stories wat julle lees en vertel deur vrae met oop eindes te vra. Hierdie soort vrae het geen regte of verkeerde antwoord nie. Dit ontwikkel kinders se denke oor stories. Byvoorbeeld: "Hoe sal jy voel as ...?", "Wat sou jy gedoen het as jy hy was?", "Waarom dink jy het sy dit gedoen?", "Waaraan herinner dit jou?", "Wat doen jy wanneer ...?"

Laat jou kinders ook vrae vra! Antwoord hul vrae as jy kan, of soek saam na die antwoorde deur toepaslike dele van die storie weer te lees en te bespreek.

### Verken stories

Vind maniere vir kinders om 'n storie te verken wat jy vir hulle gelees of vertel het. Hulle kan byvoorbeeld dele van die storie oorvertel en opvoer, 'n prent teken wat deur die storie geïnspireer is, of 'n brief aan een van die karakters in die storie skryf.




### Herhaal stories

Kinders hou dikwels daarvan om hul gunstelingstories weer en weer te hoor! Elke keer wanneer hulle na 'n storie luister of 'n storie lees waarvan hulle hou, ontdek hulle iets nuuts. Hulle absorbeer ook lesse oor taal, woordeskat en konsepte.

### Vind boeke om te lees

Boeke is duur om te koop. As jy dus 'n biblioteek naby jou het, gaan gereeld met jou kinders soontoe. Vra die bibliotekaris om interessante boeke in die taal/tale wat jou kinders goed verstaan, aan te beveel. Laat baie tyd toe vir hulle om rond te kyk, en gesels dan met jou kinders oor hulle keuses voordat hulle finaal besluit watter boeke om uit te neem.

### Ontwikkel kinders se selfvertroue

Koester jou kinders se pogings om self te lees, net soos wat jy hul eerste woorde gekoester het! Gee vir hulle baie ondersteuning om hulle selfvertroue te ontwikkel – dan is die stryd om te leer half gewonne. Luister ook na en prys jonger kinders wanneer hulle maak of hulle lees – kinders moet soos lesers optree om lesers te word!

**Het jy geweet dat kinders wat baie lees, in plaas daarvan om televisie te kyk, langer kan konsentreer?**



# Kry jou kinders aan die skryf

Mense gebruik skryf op verskillende maniere om dinge gedoen te kry en met mekaar te kommunikeer. Dit is soos met handwerk – hoe meer jy dit doen, hoe beter raak jy daarmee, en hoe makliker raak dit! As ouers en versorgers stel ons vir ons kinders 'n voorbeeld wanneer ons die krag en doel van skryf in ons daaglikse lewens met hulle deel. Hier volg 'n paar van die maniere waarop jy dit kan doen.

- Maak seker jy het 'n voorraad papier, kryte, penne en potlode by die huis. Bêre dit op 'n plek waar jou kinders dit maklik self kan bykom sodat hulle kan teken en skryf wanneer hulle ook al wil.
- Teken is dikwels kinders se eerste stap voor hulle begin skryf. Toon belangstelling in hulle tekeninge deur bemoedigende opmerkings te maak en vir hulle vrae oor hul prente te vra, soos: "Dit lyk na 'n interessante huis om in te woon. Wie woon daar?"



- Gee vir jou kinders geleenthede om hul lewens te organiseer deur te skryf. Laat hulle byvoorbeeld lysies skryf, soos 'n inkopielys, 'n lys dinge wat hulle die volgende dag skool toe moet vat, of 'n gastelys vir 'n verjaardagpartytjie. Moenie bekommerd wees oor korrekte spelling nie. Dit sal met baie skryfoefening regkom. As daar iets op hulle lysies staan wat jy nie kan lees nie, vra hulle om vir jou te sê wat dit is.
- Vind geleenthede vir jou kinders om met ander te kommunikeer deur te skryf. Laat hulle hul name op groetekaartjies skryf, dankiesê-briefies skryf, boodskappe aan gesinslede by die huis skryf en briewe of e-posboodskappe aan vriende en familie wat verder weg woon, skryf.
- Moedig jou kinders aan om dagboeke te hou waarin hulle enigiets kan skryf wat hulle wil: hul gevoelens, dinge wat tuis en by die skool gebeur het, en/of dinge wat hulle wil onthou. Respekteer jou kinders se privaatheid en lees slegs hul dagboeke met hul toestemming.
- Maak boeke deur blanko velle papier aan mekaar vas te kram en saam met jou kinders stories te skryf. Jonger kinders kan die prente teken. Bied aan om die woorde neer te skryf wat hulle vir jou sê, maar moedig hulle ook aan om self te skryf. Laat ouer kinders op hulle eie teken en skryf. Lees hierdie boeke vir familielede wat by julle woon of wat kom kuier!



# Bestuur ’n leesklub



Jy kan ’n klein leesklub by jou huis begin met jou eie kinders en ’n paar van hulle maats of die bure se kinders. (Die kinders kan enige ouderdom wees – van kleuters tot tieners.)

Klein leesklubs bied talle wonderlike geleenthede om stories en boeke saam met kinders te verken. Al wat jy nodig het, is ’n liefde vir stories en ’n behoefte om dit met kinders te deel – plus een of twee volwassenes wat kan lees, en sowat vyf tot agt kinders! Voeg hierby ’n sak boeke, en skryf- en tekenbehoeftes (soos kryte, potlode, penne en papier) en jy is gereed om te begin!




In ’n klein klub is dit maklik om die kinders goed te leer ken. Deel julle gunstelingboeke en vind uit wat elke kind se persoonlike smaak is. Spandeer tyd deur saam stories te lees en oor stories te gesels.

Maar hoe weet jy watter boeke om te kies? Besoek ’n biblioteek met ’n goeie kinderafdeling en maak gereeld tyd om deur die boeke te kyk. Leer ken die kinderbibliotekaris en vra raad oor die boeke wat kinders geniet. Neem minstens een storieboek uit waarvan jy regtig hou, oefen om dit te lees en lees dit dan hardop by jou klub. Wanneer jy jou kinders goed leer ken, sal jy vind dat jy stories soek wat hulle nuuskierigheid en belangstelling prikkel! Jy kan ook stories kies uit die “Story and rhyme library”- en “Story supplies”-afdelings van die Nal’ibali-webwerf, **www.nalibali.org**.

En wat van skryf? Probeer tyd maak vir skryf elke keer wanneer julle leesklub bymekaarkom. Kinders hou daarvan om in dagboeke te skryf en dit is dus ’n wonderlike manier om hulle skryfvermoë in hul huistaal en/of addisionele tale te ontwikkel. Moedig die kinders aan om in hul dagboeke oor absoluut enigiets te skryf (en te teken), soos hulle gedagtes, gevoelens, idees of dit wat hulle op ’n spesifieke dag geniet het. (Maak seker hulle weet dat dit wat hulle skryf privaat is, tensy hulle kies om dit met iemand anders te deel.) Dit is die beste om nie hulle spelling te korrigeer nie – dit wat hulle sê, is belangrik. Maar jy kan hulle inspireer deur in jou eie dagboek te skryf en dan jou idees, pragtige handskrif en korrekte spelling met hulle te deel.

Wat jy ook al kies om by jou leesklub te doen, moedig die kinders aan om deel te neem – maar moet hulle nie dwing nie. Die doel is om dit te geniet om stories saam te ontdek en te deel.

Vir meer idees oor leesklubs, gaan na ons “How to guides” by **www.nalibali.org**, of “How to” by **www.nalibali.mobi**. Jy kan ook meer inligting vind in *Story Power: ’n Gids tot leesklubs*, wat beskikbaar is onder “Story supplies” by **www.nalibali.org**.


# Maak kontak met Nal'ibali

**Word deel van die Nal'ibali-netwerk en gebruik die krag van stories om kinders te inspireer om te wil lees en skryf.**

Besoek ons verskillende platforms vir lees-vir-genot-hulpbronne en -wenke, en stories vir kinders in 11 tale.

## Nal'ibali-bylaes

Kry jou tweetalige lees-vir-genot-koerantbylae in die *Sowetan, Sunday Times Express*, die *Daily Dispatch* en *The Herald*. Vir meer inligting, gaan na **www.nalibali.org**.



## Nal'ibali op die radio

Skakel in op Nal'ibali se radioprogramme op die SABC se openbare radiostasies en geniet kinderstories in al 11 amptelike tale. Gaan na **www.nalibali.org** vir die Nal'ibali-**radioskedule**.

## www.nalibali.org

Gaan na die Nal'ibali-**webwerf** vir gratis wenkblaaie, blogs oor geletterdheid, leeswenke en kinderstories.




## www.nalibali.mobi

Kry storievertel- en leeswenke, leesklubsteun en stories in 11 Suid-Afrikaanse tale – op jou **selfoon**!





## Sosiale media

Gesels saam op **Facebook** en volg ons op **Twitter** en **Instagram** vir inspirerende lees-vir-genotwenke en bygewerkte inligting. Besoek ook ons **YouTube**-kanaal, **www.youtube.com/user/TheNalibaliChannel** vir nuttige leesklubwenke.

**Skakel ons** inbelsentrum by **02 11 80 40 80**, of kontak ons op een van die volgende maniere: www.nalibali.org www.nalibali.mobi nalibaliSA @nalibaliSA @nalibaliSA info@nalibali.org

Ed 2.Mar2019.Afr